



Ek verlang na my kleinkinders

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Inperking – in afsondering wees! Ons bly in 'n ouetehuis, hier waar emosies nou hoogty vier: vrees, angs, eensaamheid. Elkeen het sy en haar eie emosies waarmee ons worstel.

Om geheel en al geïsoleer en opgesluit te voel, is wroegend. Dis erg, al weet jy dis vir jou eie beswil. Elkeen van ons worstel met ons eie swaarkry en moedeloosheid. Dit word 'n dubbele las omdat ons nie ons gevoelens kan deel nie. Elkeen dra die pyn van sy eie emosies.

Ek verlang. Verlang kom sonder verweer. Ek verlang na my kleinkinders.

Ek verlang na Ruhan en Hanco, hul spontane liefde en omgee.

Ek verlang na Hannes. Na ons spontane gesprekke oor die Here en die luister na Spoegwolf.

Ek verlang na Rudolph. Na die tye langs die rugbyveld en die tee in die koppie waarin hy dit altyd vir my maak.

Ek verlang na Nicholas. Sy spontane by my kom lê met die hond in sy arms.

Ek verlang na JJ. Die ure wat ons in stilte net by mekaar kan wees.

Ek verlang na Moina – prinsessiekind saam met wie ek ure lank kan blommetjies en feetjies plak.

Ek verlang na Mathys. Sy oneindige vrae. *Ouma, wat is die Statue of Liberty en wat is die langste brug in die wêreld?*

Ek verlang na vashou, drukkies en soentjies. Verlang word 'n fisieke pyn. Inperking word *lockdown*. *Lockdown – the confining of prisoners to their cells.*

Normaal soos ons dit geken het, is verby. Onsekerheid en verandering lê voor ons.

Vorentoe? Ons weet nie.

Here, leer ons om in hierdie tye ons vertrouwe in U te stel. U is ons Rots en Redder. Hoor ons smeekgeroep. U sien ons trane. Maak ons sterk. Ons is swak. God van die heelal, vul ons met u liefde. Laat u Woord ons vertrous en versterk. Laat u Gees ons met lewenskragtigheid vul om alle angs en eensaamheid te verdryf. Alle vertwyfeling uit te wis.

Bokant ons blink die maan en sterre soos elke ander aand en herinner my daaraan dat God lank voor my daar was en na my nog daar sal wees. Hy is ewig. Sy liefde is oneindig. Hierdie wete vervul my met vrede en ook met aanvaarding en vreugde. Verlange word hanteerbaar.

My kleinkinders is in God se liefdevolle hande. Ek kan vir hulle bid. Here Jesus, baie dankie vir die kleinkinders wat U vir ons gegee het. Die kleinkinders waarop ons trots is en wat diep in ons harte inkruip. Dankie dat U ons waardig gereken het om hulle te mag help grootmaak. Leer ons om te vertrous en te vermaan en hulle te lei met liefde en begrip. Gee ons geloof, krag en fyn aanvoeling om so op te tree dat ons kleinkinders sal weet dat ons ook maar net kinders is – ú kinders. Dat hulle verby ons foute sal kyk en saam met ons ons hemelse Vader, wat ons almal dra en vergewe, sal raaksien. Dat hulle sal weet hulle het 'n Herder wat sy kudde lei na waters waar daar rus is. Ons en hulle kom niks kort nie.

Ek kan op voetspoor van Habakuk uitroep: Al sou Covid-19 van alle kante dreig; al sou die toekoms onseker lyk; al sou my verlange onuitspreeklik groot wees: Nogtans sal ek in die Here jubel.

Mev Monica Beukes, predikantsvrou

Lief en leed



Mev Didi van Niekerk



Mnr Koos Daffue

- **Mev DJ (Didi) van Niekerk** (gebore 11 Desember 1927), weduwee van ds CJS van Niekerk (wat in Februarie 2014 oorlede is), is op 27 Junie oorlede. Ons innige simpatie gaan aan haar naasbestaandes.
- **Mnr Jakobus Johannes (Koos) Daffue**, skriba van Klerksdorp-Wilkoppies, is op 23 Mei in die ouderdom van 79 jaar oorlede. Sy predikant, ds Michael Müller, skryf soos volg: “Soos ons deur ons lewensreis gaan, ontmoet ons soms individue wat deur hul opregtheid ’n wesenlike verskil in ander se lewens maak. Oom Koos Daffue was so ’n persoon. Hy het die Here gedien deur sy lewe, woord en daad. Hy was van 2009 tot 2020 die skriba van die gemeente. Sy werk as skriba is met trots en kundigheid uitgevoer. Sy vrou, kinders en kleinkind leef voort met liefdevolle herinneringe. Klerksdorp-Wilkoppies, die kerkraad en sy familie leef daagliks met die wete dat die spore van Jakobus Johannes Daffue nie gevul kan word nie. Hy word innig gemis.”
- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Julie, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 2 Julie: Dr MJ (Martin) Jansen van Rensburg (Delmas)
 - Vrydag 3 Julie: Ds PW (Waldo) Pretorius (Kuruman-kombinasie)
 - Sondag 5 Julie: Ds C (Carusta) van der Merwe (Noordwestelike Pretoria)
 - Woensdag 8 Julie: Ds GJ (Geo) Smit (Potchefstroom-Suid)
 - Vrydag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk jr (Ebenhaëzer)

Gemeentes en bediening

- Goeie nuus! Ten spyte van die pandemie waarin ons tans is, sal die **Bybelvasvra vir 2020** steeds voortgaan. Die vasvra sal egter hierdie jaar, vir die eerste maal ooit, **slags elektronies** plaasvind. Gemeentes en ringe word aangemoedig om steeds getrou die voorbereidings te tref en deel te neem aan die vasvra. Alle reëlings ten opsigte van die elektroniese vasvra sal later aan u gekommunikeer word. Let daarop dat daar **geen formele ringsvraestel** sal wees nie. Alle gemeentes wat deelneem, sal direk deurdring tot die nasionale elektroniese vasvra. Die bestek vir die vasvra sal ook hersien word en eersdaags gekommunikeer word. Rig navrae aan ds Quinten Schimper (076 687 7410) of ds Stephen de Beer (074 658 4630).
- **Mev Rina Dreyer**, weduwee van dr TF Dreyer, se naam verskyn per abuis nie in vanjaar se *Almanak* nie. Haar selfoonnommer is 082 413 1842 en haar adres Posbus 19, Magaliesburg 1791.
- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor ’n **vakature vir ’n orrelis met ingang van 1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en eredienste op kerklike feesdae. Aansoekers moet ’n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrouwd wees met ’n groot 3-manuaal-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is ’n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of nhbhs@nhk.co.za. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook ’n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto’s en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net. Meer inligting sal later volg.

Vergaderings

- Dinsdag 7 Julie: TOIBO Dagbestuur
- Woensdag 8 Julie: Kinderhuise Direksie
Plesion Direksie
- Vrydag 10 Julie: Rata 360

'n Gedig

Sonnewyserbespiegeling

Ek is helaas met niks akkuraat nie.
Ek onthou en onthou is gebrekkig
en onvoltooid; is interpretasie.
Ek wanhoop oor die vele dimensies
en die eindelose klomp herhalings.
Eers was daar die klein besonderhede.
Nou tuimel alles stadig in om my,
reën dit fyn sand en gee die mure mee
soos 'n stokou plaashuis se murasie.
Ek bly verbaas oor my min jare hier
en waar en wanneer die son op my skyn.
Ek sien reeds die tekens van die tye,
maar kan die raaisel nie self oplos nie.
Ek is bowenal 'n analfabeet.
Ek staan doodstil by 'n sonnewyser
en lees die tyd net naastenby korrek.

Johann Lodewyk Marais

(Uit: *By die dinge*, 1989)

Kerklike publikasies

- Die **Julie 2020-uitgawe van *Die Hervormer*** word nie in gedrukte vorm versprei nie, maar slegs elektronies. Sodra alles na die een of ander vorm van normaal terugkeer, sal *Die Hervormer* weer in gedrukte vorm versprei word. Lees die artikels van die Julie 2020-uitgawe **hier**.
 - Die koninklike wet: Naasteliefde
 - Meningspeiling onder predikante oor die grendeltyd
 - Hoe volhoubaar is planeet aarde?
- Met die woorde *Dankbaarheid gee sin aan gister, bring vrede vir vandag, skep 'n droom vir môre...* sit die NHSV hul reeks artikels met die klem op persoonlike geestesgesondheid voort. In die **Winter-uitgawe van *Vroueflitse*** gee ds Janine Bevolo-Manders sin en betekenis aan Romeine 8: 31 wat sê en vra: *God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?* Mev Wilna Koekemoer vertel van al die verskillende hoede wat ons as vroue moet opsit in hierdie tyd waarin ons ons bevind. Jou geestesgesondheid is net so belangrik soos jou fisiese gesondheid. Wees goed vir jouself – jy verdien dit! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

Barmhartigheid

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoonstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com



Toerusting

- **Dr Hans Dreyer** (emeritus) het 'n waardevolle stuk gereedskap, *Grendeltyd se uitwerking op kinders se emosionele toestand en hulp aan ouers vir hoe om dit te hanteer*, geskep. Dr Dreyer was vir 25 jaar predikant en het daarna vir 29 jaar in sy pastorale praktyk gewerk. Een van die mees suksesvolle modelle wat gebruik word tydens **kinderterapie** is diestories. Daarmee kry kinders die geleentheid om hul gedrag in die diere se gedrag te identifiseer. Daarom het dr Dreyer sy handleiding aangevul met 'n eerste diestorie wat spesiaal geskryf is met die huidige grendeltyd in gedagte. Dis 'n storie vir jong kinders en handel oor 'n apiefamilie se gedrag in grendeltyd, hul lief en leed, en hoe hulle die aanpassings suksesvol oorkom. Hierdie stuk gereedskap word gratis aangebied, en die eerste reaksies is belowend. Klik op die onderstaande skakel vir die stories en handleiding, of gaan na dr Dreyer se Facebook-blad **Moodpal**.
<https://moodpal.wordpress.com/2020/06/02/grendeltyd>
- **40-dae-avontuur in die Woord van God**
God se asem tussen bladsye
26 Julie tot 30 Augustus
Projek van die Bybelgenootskap
Gekoördineer deur NG Gemeente Witrivier
 - Ses Bybelstudietemas vir groepe of individue
 - Teksgedeeltes vir daaglikse stiltetyd sodat deelnemers in die 40 dae 'n gedeelte uit elke Bybelboek sal lees
 - Preke
 - DVD as inleiding tot elkeen van die ses temas
 - Aanhalings uit die nuwe Afrikaanse vertaling wat in November 2020 bekendgestel wordNavrae: dsjurgens@ngwitrivier.co.za / 079 292 9545
- **Aanlynkursusse in pastorale berading**
 - Algemene jaarkursus in pastorale sorg en krisis-intervensie
 - Jaarkursus gefokus op die vrou
 - Jaarkursus gefokus op treurberading en sterwensbegeleiding
 - Jaarkursus gefokus op die huwelik
 - Jaarkursus gefokus op trauma en krisisse
 - Jaarkursus gefokus op pastorale begeleiding van kinders en jongmenseElke kursus bevat 12 subtemas
Studente kan enige tyd van die jaar registreer
Al die kursusse kan via afstandonderrig gedoen word
Leraars ontvang ten minste 50 VBO-punte vir elke kursus
Vir lede van CPSC (Beradersvereniging) is daar 20 punte vir elke kursus
Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie
Navrae: Prof Wentzel Coetzer wentzelc@gmail.com
018 294 7457 / 083 660 0409

- **Brugbedieningskursus by UP**
Sentrum vir Kontekstuele Bediening
Week 1: 9-12 November 2020
Week 2: 22-25 Februarie 2021
 Kursusleier: Prof Malan Nel
 Koste: R2 500 (BTW ingesluit)
 Plek: UP
 Kursuspunte: 70
 Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / hesmarie.bosman@up.ac.za
- **Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling)**
Julie 2020
 - 14 -15 Kom ons lees die Nuwe Testament
 - 21-23 Sertifikaat in Bedieningsontwikkeling (6)
 - 28-30 Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (6)
 - 30-31 Opleiding van begeleiers van 'n bedieningsdiagnose in gemeentes**Augustus 2020**
 - 12 Kerk van die toekoms (1)
 - 18-19 Sinvol besig na aftrede (3)**September 2020**
 - 15-17 Lentekonferensie**Oktober 2020**
 - 13-15 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (3)
 - 20-22 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (7)
 - 27-29 Sertifikaat in bedieningsontwikkeling (7)**November 2020**
 - 3-4 Liturgiewerkwinkel (3)
 - 11 Kerk van die toekoms (2)
 - 12-13 Opleiding van begeleiers van 'n bedieningsdiagnose in gemeentes**Navrae aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za**

Fondsinsamelings

- **Help bou opnuut aan die Voortrekkermonument!** Deur 'n steen of ander gedeelte van die Voortrekkermonument (VTM) of Bloedrivier te “koop”, help die koper om die VTM en Bloedrivier vir die nageslag te bewaar. Daardeur word hy/sy 'n ere-“eienaar” van die Monument en word sy/haar naam in die VTM-argief aangeteken as een van dié wat die Monument tydens die Covid-19-krisis in 2020 weer virtueel “herbou” het. Vrywaring: Persone wat aan hierdie projek deelneem, word slegs in naam ere-“eienaars” van die VTM en Bloedrivier en het geen seggenskap in die-dag-tot-dag-bestuur van die terreine nie. Die **pryslys kan aangevra word** van Thea Furstenburg by thea@vtm.org.za of 012 326 6770.
- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex**
September/Oktober (datum later bepaal)
 Gesinspretdag en windbukskompetisie
 Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
 Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
 Wenner word aangekondig op die gesinsdag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**
Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000
 Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies
 Maak wins van 75% of 50%
 Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020
 1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid
 Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag
Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)
Meer inligting: Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / gsdebeer@gmail.com)
 Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / andries@rata.org.za)
 Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

Kommentaar

Die Fakulteit Teologie aan die Noordwes-Universiteit (NWU) het besluit om **dr Sanrie de Beer** (Philadelphia) se voorbladteks van verlede week se *Blitspos* te plaas op eFundi, die NWU se elektroniese leerbestuurstelsel ('n leer- en onderrigplatform wat geregistreeerde studente en dosente aanlyn verbind). Dr De Beer is vanjaar een van die NWU se tydelike dosente, in Grieks.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Here, hou my vas,
om in U, die ware Wynstok, te bly,
sodat ek die voedingstowwe kan kry
om waarlik te leef, vrug te dra,
vrugte wat by my bekering pas.
Dankie, Hemelvader,
dat U nie 'n kwaai oom is wat vanuit die hemel
sit en kyk waar ek droogmaak nie.
Dankie dat U regtig vir my lief is.
Dankie dat u aard liefde is.
Here, gee dat ek, u kind, na U sal lyk,
en ook u liefde sal uitleef.
Bewaar my daarvan, Here, om dit wat ek bely
te weerspreek met hoe ek leef.
Saam met die psalmdigter is my gebed
dat mense oor die hele aarde U sal erken
en hulle tot U sal bekeer.
Dat alle volke U as koning sal erken,
want U is Koning van die heelal,
én Koning van my hart.

Lambert Jacobs

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)